Publication: Burger (Kaap Stedelik)
Date: 2016-02-19
Page: 5

## REKTOR AAN DIE WOORD

# US se waardes moet gelééf word

**Daar is die afgelope ruk baie geskryf en gesê oor die sogenaamde "blackface"-voorval by ons Heemstede-vrouekoshuis twee weke gelede. Ek gebruik graag hierdie geleentheid om my standpunt te stel, skryf Wim de Villiers.**

**Mening**
Wim de Villiers

Eerstens bevestig ek die Universiteit Stellenbosch se spyt oor waaraan die twee studente in die oog van die storm blootgestel is. Dit was uiters onaangenaam, en ek is jammer oor wat hulle deurgemaak het.

In 'n dringende interne ondersoek die week na die voorval is bevind die twee is heeltemal onskuldig. Hulle het pers lyfverf gebruik om hulle as ruimtewesens uit te beeld vir 'n partytjie by die koshuis – sonder kwade bedoelings. 'n Foto wat op sosiale media geplaas het, is egter as "blackfacing" geïnterpreteer, wat in die lig van ons land se geskiedenis van rassisme groot ontsteltenis veroorsaak het. Medestudente van die twee betrokkenes het beswaar gemaak en klagtes ingedien, en die universiteit se relevante strukture het toegetree.

Intussen het bewerings aan die lig gekom dat die universiteit die situasie verkeerd hanteer het. Ons het hiervan kennis geneem en vandeesweek 'n bykomende ondersoek deur 'n onafhanklike kommissaris van stapel gestuur. Ons wil hê daar moet omvattend na alle aspekte van die voorval gekyk word, insluitend die universiteit se hantering daarvan. Hieruit sal spesifieke aanbevelings aan die universiteit voortvloei.

Die twee studente is intussen terug in die koshuis en kan nou weer fokus op hul studies, waaroor ek baie bly is. Die universiteit het hulle voortdurend bygestaan tydens die voorval, en sal voortgaan om dit te doen.

Verlede week het *Rapport* gevra wat as een van die betrokke twee studente my dogter was?



**Prof. Wim de Villiers, rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch.** Foto: EDREA DU TOIT

Ek het goed nagedink daaroor, en tot 'n mate ís hulle wel my dogters. As hoof van die universiteit het ek baie dogters en seuns. Ek besef dit kan besonder patriargaal klink, so laat ek verduidelik.

Met my inhuldiging verlede jaar het ek gesê wat in die beste belang van die student is, is wat vir ons as universiteit van belang is. Dit was 'n aanpassing van 'n slagspreuk in die Mayo-kliniek in Amerika dat wat in die beste belang van die pasiënt is, al is wat van belang is.

Hiermee wou ek die aandag fokus op die gewigtigheid van ons opvoedingstaak as hoëronderwysinstelling, wat 'n universiteit uitvoer in al drie sy kernbedrywighede – leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

Ons het 'n groot verantwoordelikheid teenoor die jongmense wat aan die universiteit kom studeer – om die weg van kennisontginning saam met hulle te stap, ter voorbereiding vir hul beroepslewe eendag en hul lewenslange bydrae tot die res van die samelewing.

Dit is 'n verantwoordelikheid wat ons teenoor al ons studente het. Ek het baie dogters en seuns, en almal van hulle tel. Wat in elkeen se beste belang is, is vir my belangrik.

Ek gee om vir al ons studente. Ek wil hê hul tyd aan die universiteit moet verrykend en vervullend wees. Ek wil nie hê hulle moet enige onaangename ervarings hê nie. Natuurlik is die lewe nie net maanskyn en rose nie, maar as instelling – en die individuele personeellede en studente wat daaraan behoort – moet ons altyd probeer om te doen wat reg is, en te vermy wat verkeerd is.

In dié proses loop egter van tyd tot tyd dinge skeef. Niks en niemand is volmaak nie. Ons moet egter regstel wat verkeerd is, en lesse leer. Reëls moet nagekom word, prosedures moet gevolg word, gedragskodes moet eerbiedig word – en dit geld almal tot dieselfde mate.

Mense voel soms baie sterk oor 'n saak – en dit is reg so. Ek moedig uit die staanspoor die oop gesprek by die US aan. Ons is verbind tot eerlike dialoog op ons kampusse. Dit lê aan die hart van die universiteitslewe om 'n kultuur van waagmoedige gesprekke en kritiese diskoers te bevorder oor die uitdagings van ons samelewing.

Hoe ons met mekaar omgaan moet egter in ooreenstemming met die waardes van die universiteit wees, soos verwoord in ons Institusionele Voorneme en Strategie – diensbare leierskap, uitnemendheid, innovasie, medeverantwoordbaarheid en empatie.

Waar hierdie waardes uitgeleef word, word veilige ruimtes vir interaksie geskep waar daar nie plek is vir intimidasie, manipulasie, dreigemente, haatspraak, rassisme, seksisme, homofobie en ander vorme van

> **"Verlede week het Rapport gevra wat as een van die betrokke twee studente my dogter was? Ek het goed nagedink daaroor, en tot 'n mate ís hulle wel my dogters. As hoof van die universiteit het ek baie dogters en seuns.**

diskriminasie en verontmensliking nie.

Die oop gesprek behels praat én luister. Ek hoor swart studente sê hulle voel uitgesluit deur 'n institusionele kultuur wat nie verwelkomend teenoor hulle is nie. Ek hoor wit studente sê hulle ervaar 'n verlies aan identiteit weens die persepsie dat die universiteit hulle versaak.

Ek voel soms die temperatuur styg namate die gesprek warm raak en beskuldigings oor en weer geslinger word. Ek hoor egter ook swart én wit studente standpunt inneem teen uitsluiting en diskriminasie – wat verblydend is. Oral op kampus sien ek jongmense wat met mekaar oor die weg kom – ondanks oënskynlike verskille. Ek sien jongmense wat mekaar met respek en menswaardigheid behandel – ongeag kleur, geloof, geslag of seksuele oriëntasie.

Ons sou dwaas wees om ons te verbeel dat die US in 'n lugborrel funksioneer. Die hoër onderwys bevind hom midde-in die woelinge in ons land. Dit gaan gepaard met frustrasies oor diepgewortelde ongelykhede en uitsluiting in ons samelewing. Daar is ook verwagtinge van kitsoplossings en sterk politieke druk op die staat en instellings soos universiteite.

Die US is nie hiervan vrygestel nie – juis in die lig van historiese realiteite. Daar is 'n siening dat wit bevoorregting hier voortduur. Dit is ongegrond, maar die persepsie dra tot die kompleksiteit van die situasie by.

Aan die ander kant skyn daar 'n verwagting te wees dat die US verskansing teen transformasie in die land moet bied. Sommiges wil kwansuis hê ons moet 'n laaste vesting vir Afrikaans en Afrikaner-tradisies wees; 'n misdaadvrye kampus en dorp; 'n vakuum waar daar geen politieke invloede en protesaksie is nie. Dit is eweneens onrealisties.

Ons kan nie studente voorberei om leiers in die samelewing te wees deur hulle van die werklikhede te probeer afsonder nie. Ons wil 'n plek wees waar almal tuis kan voel, waar kennis ontsluit en ten bate van ons land en sy mense aangewend word. Om so 'n plek te word, moet ons tussen al die verwagtinge deur navigeer en op koers bly, in die wete dat nie alle belangegroepe noodwendig altyd sal saamstem nie.

Ek hou my nie blind vir ons uitdagings nie. Ek sien vooroordele voortduur. Ek sien ou verdeeldhede weer opduik, en nuwes ontstaan – onder meer weens die trant en aard van die gesprek oor die US op veral sosiale media.

Ek sien egter ook 'n nuwe generasie wat die noodwendigheid van verandering aanvaar, en die noodsaak van voortdurende aanpassing omhels. Ek sien denkleierskap in aksie, en dit gee my moed vir die toekoms.

■ *Prof. Wim de Villiers is rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*